

Uitgawe 84: November 2018

Party van u mag bekend wees met die Griekse mite van Odysseus. Hieronder is 'n klassieke skildery deur John William Waterhouse van Odysseus en sy manskappe.



Na die oorwinning in Troye, begin Odysseus op sy reis huis toe (die Trojaanse perd was sy idee). Odysseus was bekend vir sy briljantheid, veelsydigheid, selfbeheersing en sluheid. Op pad na Ithaca moes hulle verby die eiland van die “Sirens” seil voordat hulle die ses-koppige monster Scylla en die maalgat van Charybdis sou trotseer. Die “Sirens” was voëlagtige wesens met vroulike stemme wat die matrose na hul dood gelok het. Odysseus het sy manskappe se ore met byewas toegestop, en hulle oorreed om hom aan die skip se mas vas te bind – sodat hy niks tot hulle nadeel kon doen nie. Hy het alleen die “Sirens” se lied gehoor wat glo die toekoms openbaar...

Met hierdie antieke storie in perspektief, moet ons almal deur die betowerende geraas van die media waak (dit vertel ons wat ons wil hoor en nie wat ons noodwendig moet doen nie). Daar is dikwels ook ander finansiële gevare wat ons nie behoorlik beoordeel nie. Om bewus te wees van ons kognitiewe vooroordele is nuttig en noodsaaklik. Enige oorhaastige reaksie mag ons meer benadeel as wat ons dink. Om 'n goeie plan te hê en om kalm te bly te midde van onstuimige waters is dikwels die beter strategie.

Ons is nie die enigste land met probleme nie

Diegene van ons wat internasionale nuus volg, sal vertrouwd wees met die probleme in lande soos Brasilië, Turkye en Argentinië, plus die humanitêre krisis die afgelope tyd in El Salvador. Afgesien van die misdaad, het El Salvador 'n ernstige drinkwater probleem. Dwelmbase oefen op baie maniere beheer uit in Latyns-Amerikaanse lande – dit is 'n angswekkende gedagte. Finansies met omsigtige fiskale en monetêre beleid is afwesig. In 2018 het die Argentynse peso met meer as 50% teenoor die Amerikaanse dollar gedaal, terwyl rentekoerse 60% gehaal het! Turkye se finansiële ellende en tendense is soortgelyk.


In 'n onlangse studie wat deur 'n konsultasie-firma Ipsos gedoen is, was Suid-Afrikaners die hoogste onder 38 lande op 'n *persepsie-indeks*; d.w.s. ons wanpersepsie teenoor die feite of werklikheid. Die studie het aangedui dat Suid-Afrikaners geneig is om sleutelaspekte uit verband te trek wat 'n pessimistiese nasionale vooruitsig toon. Die media dra ongetwyfeld hiertoe by.

Hou in gedagte: dit is nooit so goed soos mense wil hê dit moet wees nie, of so erg soos mense dink dit is nie. Niemand weet wat die toekoms inhou nie. In die verlede is baie voorspellings gemaak en selde het 'n ekstreme scenario homself uitgespeel. Oor die

algemeen (en in Suid-Afrika) was die uitkomstewers tussen die uiterstes. Met 'n gunstige verkiesing in 2019, kan ons toekoms heelwat beter lyk as wat ons graag wil dink. President Ramaphosa neem die regte stappe en met omsigtigheid. Ongelukkig, soos met die meeste dinge in Afrika, sal dit tyd neem om die skade wat in die vorige dekade gedoen is, te herstel.

Markbewegings en beleggerssentiment

Geen verrassing nie! Ons het die skets hieronder deur Carl Richards voorheen gedeel. Op 'n helder manier illustreer dit wat beleggers oor tyd doen. Sodra die finansiële markte opbou (en nuwe hoogtepunte bereik), voel beleggers dat hulle nie deel in die groei nie en koop dan op die verkeerde tyd. Wanneer markte later daal, fokus ons om een of ander manier op dit wat ons "verloor" het, eerder as 'n kans om met korting weer aan te koop. Dit is die verskil tussen om óf terug, óf vorentoe te kyk. Ons vermoë om te belê vereis insig, perspektief en enorme geduld. Jeff Bezos van Amazon het een keer sy jare lange vriend Warren Buffett gevra: "Jy is die tweede rykste man ter wêreld, en tog het jy die eenvoudigste beleggingstrategie. Hoekom het ander dit nie gevolg nie?" Waarop hy gereageer het: "Want niemand hou daarvan om stadig ryk te word nie". Dit is ons menslike natuur om 'n kitsoplossing te soek.



Verlei deur kontantopbrengste...

'n Gesonde gebeurlikheidsfonds is belangrik, maar beleggers skakel dikwels langtermynbeleggings op die verkeerde tydstip in die siklus na kontant oor. Historiese data bevestig hierdie neiging sodra finansiële markte onderpresteer. Banke en hul makelaars probeer om hierop te kapitaliseer deur aantreklike promosies aan te bied. Indien mens egter die fynskrif bestudeer, kom jy agter dit is dikwels misleidend en nie deursigtig nie. Beleggers moet die opbrengs na fooie, die belasting op rente-inkomstes, sowel as inflasie oorweeg. So 'n aanbod is in baie gevalle 'n kontraktuele vaste-termyn belegging (ons verkies buigsaamheid sonder boetes). Verder, opbrengste kan op verskillende maniere uitgedruk word. Is die koers 'n saamgestelde koers, of eenvoudige rente?

Seisoen Groete

Soos altyd, wil ons almal 'n Geseënde Kersfees toewens met 'n vreugdevolle tyd saam met vriende en familie. Mag 2019 'n positiewe jaar vir Suid-Afrika wees. Weereens dankie aan al ons kliënte vir u ondersteuning. Ons erken die vertroue wat u in ons familie-besigheid plaas en ons waardeer hierdie verhoudings oor soveel jare.